durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

21 Julie 2019

## 21 Julie 2019, Preekreeks: TRINITEIT - GEES

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Dr. Kobus de Jager*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Dr. Kobus de Jager*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens,**<br>**Arno Mattheus** |

**Deuroffer: Alta du Toitskool**

Bogenoemde skool gee onderrig aan leerders (ouderdom 6 - 18 jaar) wat intellektueel gestremd is en nie in die hoofstroom-onderwys met akademiese vakke kan aanpas.

## 28 Julie 2019, GETUIENISWEEK: BROTHER MARCO

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Brother Marko*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Brother Marko*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens,**<br>*Brother Marko* |

**Deuroffer: VCSV**

# GEVUL

*Gees*



### Eienskappe van die Heilige Gees

### Hy tree in

Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges. **Romeine 8:27**

Jy bid omdat jy weet dat jy God se genade nodig het om te lewe, te werk, lief te hê, te weerstaan, te oorwin en getrou te bly. Maar selfs terwyl jy bid, raak jy bewus van jou swakheid. Jy weet nie waarvoor om te bid nie en wil-wil opgee. Dis so gerusstellend om te weet dat die Heilige Gees vir jou bid in jou swakheid. Hy pleit namens jou by God die Vader vir alles wat jy nodig het al weet jy self nie eers waaraan jy gebrek het nie.

### Hy vul jou

Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul. **Efesiërs. 5:18**

Om met die Gees vervul te wees, is nie om meer van Hom te hê nie, maar om meer deur Hom beïnvloed te word. Jy het nie meer van die Gees nodig nie, maar meer van sy werking. Paulus sê hierdie vervulling hou verband met aanbidding, dankbaarheid en dat 'n mens jou aan die kerk onderwerp (Ef. 5:18-21). Let mooi op. As jy met die Gees vervul wil wees, is dit heel waarskynlik dat jy dit in die konteks van jou plaaslike kerk sal beleef.

As ons deur die Heilige Gees gevul wil wees, moet ons bereid wees om ons totale menswees aan Hom oor te gee – om deur Hom beheer te word – Dit sluit ons wil en ons emosies ook in. Dit is 'n daaglikse taak om te kies om deur die Heilige Gees beheer te word en Hom toe te laat om Sy werk binne in ons te kan doen.

**Hoe bid ons?**

**Bid tot die Heilige Gees wie vir jou intree in gebed**.

Wanneer die Heilige Gees ons nader verander ons gebedslewe. Hy wil ons help om te bid.

Die Gees van God help ons ook nog boonop in ons onbeholpenheid. Ons weet immers nie mooi wat en hoe ons moet bid nie. Maar die Gees self neem ons gebedslewe voor God op met versugtinge wat nie in menslike taal verwoord kan word nie. (NLV) Romeine 8:26

**Hoe luister ons?**
Bid oor die volgende vrae:

• Wat leer die naam ***Hy wie vir my intree in gebed,*** vir my van die Helige Gees?

• Wat leer die naam ***Hy wie vir my intree in gebed,*** vir my van myself?
• Wat kan ek nou gaan doen, omdat ek die Heilige Gees se naam, ***Hy wie vir my intree in gebed*** beter verstaan?

### Hoe leef ons?

## NUUS:

21 Julie: kuierkerk@bergsig
22 Julie: Kerkraad strategiese vergadering
23 Julie: Doopkategese
27 Julie: Betesda-mark
28 Julie: Getuienisweek
4 Aug: GGO-loodsing
11 Aug: 9:00 Familiediens (Langnaweek)



## kuierkerk@bergsig

**Kom kuier vandag saam by die kerk om 11:30.**

Bring eie braaivleis, drinkgoed en eetgerei of jou gunsteling wegneemete. Vure word voorsien.
Almal welkom: kleingroepe, individue, oud en jonk, persone wat wil deel word van 'n kleingroep ens …
**Kuier met Johan Els van ons Sopkombuisbediening en Jaco van Vuuren wat betrokke is by Afrika-uitreike!**
**Vir meer inligting kontak Murray by**
**bergsig.kleingroepe@gmail.com**

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za




**KINDER-Getuienisweek word in saal parallel aangebied op hul vlak!**

## GETUIENISWEEK

## 28 – 31 Julie

## Brother Marko Kiroglu

**Tema: GETROUHEID**

God is getrou
Getrou aan God
Getrou aan jou familie
Getrou aan jou roeping
Getrou tot die end

Alle temas word in Engels aangebied deur broer Marko

### Glowkidz Getuienisweek

As jy gedink het dié jaar se kinderpret is op ys tot Kersfees, dink weer! Ons Glowkidz gaan die jaar met Getuienisweek die geleentheid kry om prakties en speel-speel te leer hoe ons as gemeente ons sendingopdrag lééf. Daar gaan elke aand iemand by die kinderdiens kom kuier wat gaan vertel wat in die uitreikprojekte gebeur. Ons gaan ook elke aand vir ons kinders geleentheid gee om iets te maak wat ons kan weggee of gebruik om ander se lewens beter te maak. Terwyl die ma's en pa's in die ouditorium gaan luister en leer, kom ons in die saal bymekaar om ook te luister en leer – maar op die lekker manier!! Bring dus jou ouers, gaan gee hulle af by die grootmenskerk en kom deel in die pret. Jou maatjies en jou maatjies se maatjies is ook welkom! Vir meer inligting kontak Stephanie by juniorjeug@bergsigdv.co.za of 083 2787111.

**Heerlike pannekoek (R7 of R20 x 3) en koffie/ warm sjokolade te koop saans.**




**Pieter Ferreira** 16 Julie 2019

**Agtergrond**

Meeste van Durbanville Bergsig lidmate ken of weet van Pieter Ferreira. Die hawelose oud- polisieman wie Sondae lidmate se motors oppas en ook gereeld kom stort en eet by die kerk. Hy is bekend aan die kerk vanaf Mei 2015. By die onlangse Vinkel & Koljander mark is sy handgemaakte kruise by die kerk verkoop.

**Hulp**

In die vier jaar wat Pieter by die kerk vir hulp kom aanklop het, het die kerk in samewerking met die polisie en bekommerde lidmate vir hom gehelp om verskeie kere 'n dak oor sy kop te reël. Daar is al drie keer vir hom werk en huisvesting gereël. Finansieel is hy hierin van tyd-tot-tyd bygestaan deur Bergsig.

**Hoop**

Die kerk het ook vir hom gehelp om Pretoria toe te gaan om sy sertifikaat te gaan opspoor by die instansie waar hy opleiding ontvang het. Hoop op die verbetering van 'n slegte posisie is egter afhanklik van die persoon se samewerking en gesindheid.

**Gemeenskap**

Pieter slaap 'n ruk lank al langs die saal op die kerkterrein. Verlede jaar is hy vir dood opgelaai deur ER24 en na die hospitaal geneem. Hy het homself ontslaan sonder om die voorgeskrewe medikasie te voltooi. Vrydag 12 Julie moes Bergsig weer reël vir 'n ambulans. Hy het geweier om opgeneem te word en het aggresief geraak met die personeel en gevra dat die ER24 personeel hom uitlos. Laasgenoemde kon hom nie oplaai en verder versorg sonder sy toestemming nie.

Ongelukkig het die geld wat hy Sondae ontvang het vir die motors wat hy opgepas het, sy leefstyl onderhou. Die feit dat ons geweet het dat hy in die kerk se tuin slaap, maak ons verantwoordelik vir hom. Ons moes intree, want die kans dat hy kan sterf as gevolg van die koue is 'n groot moontlikheid. Ons kan hom egter nie dwing om ons hulp te aanvaar nie en daarom het ons hom voor die keuse gestel dat ons vir hom alternatiewe slaapplek reël, maar dat hy ongelukkig nie meer in die kerk se tuin mag slaap nie. Dit is jammer dat hy weer ons hulp geweier het.

**Verantwoordelikheid**

Daar lê ook 'n verantwoordbaarheid by die persoon wat die hulp nodig het, teenoor hom of haarself om die hulp wat aangebied word te aanvaar en om 'n doelbewuste besluit te neem om hulle situasie te verbeter met die hulp wat aangebied word.

**Posisie tans**

Bergsig het geen ander keuse as om verdere hulp vir Pieter te staak nie.

**Versoek aan lidmate**

Ons word gereeld gekonfronteer in ons eie gedagtes en gewetes oor hoe ons hawelose mense moet help. Die eerste wat by my opkom is; met respek en met verantwoordbaarheid. **Daarom is dit van uiterse belang om nie geld te gee aan 'n haweloos persoon nie, maar eerder 'n sopkombuis kaartjie.** Navrae: 021 976 4106.

# Voorbidding

*Om deel van die gebedsketting te word e-pos: geestelikeversorging@bergsigdv.co.za*

## Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Abrie van Rooyen | Manchesterstr. 26, 083 266 9214 | Operasie | *Herstel en bemoediging* |
| Ria van Gent | Rochfort Retirement Village, 084 504 3064 | Man oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Antoinette Heyns en kinders | Cadizstraat 22, 082 822 0142 | Man en pappa oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Johann van Tonder | De Keurlaan 54, 083 463 5050 | Pa oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Petro Humphries | De Keurlaan 70, 084 956 4119 | Swaer oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Charlotte Lingenfelder | Constantiastr. 18, 021 976 8434 | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |
| Richard Myburgh | Chantilly 24, 021 975 8247 | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |
| Peter Montgomery | Crownsingel 12, 021 976 0134 | Pa oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Willem Mostert | Bishopsingel 6, 021 975 9558 | Pa oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Jaco en Angela Fourie | 072 124 4271 | Hul baba , Olivia (6mde) het 'n leweroorplanting gekry . | *Bid vir gesin vir die gesond word van Jaco (pa skenker) en Olivia (ontvanger).* |
| Kobie Voigt | Fairtrees | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Daar is kuur vir sy siekte in Amerika. | Bid vir fondse en toeganklikheid tot kuur verkry word. |
| Maans Goussard | Villa Cortona 40, 083 546 0810 | Kanker | *Herstel en bemoediging* |
| Wouter Grové (14 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | *Herstel en bemoediging* |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kanker diagnose | *Herstel en bemoediging* |
| JC Smith | Richterstraat 8, 082 563 0408 | Mediese behandeling | *Herstel en bemoediging* |
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Kanker | *Herstel en bemoediging* |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Beenmurgkanker | *Herstel en bemoediging* |
| Danie en Alida Muller | Zandkloofweg 10, 076 177 7626 | Kanker | *Herstel en bemoediging* |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***



## TGIF MANNE WORD 10 JAAR OUD



TGIF het op 10 Junie 2019 tien jaar oud geword en dit op 'n gepaste wyse gevier op Vrydag, 14 Junie 2019 met 'n heerlike ontbyt vir die Boetas!!

Die afgelope 10 jaar was vir my persoonlik 'n onbeskryflike ervaring. Hoe ons net van krag tot krag gegaan het, egte broerskap opgebou het oor die jare en geestelike verryking beleef het wat ons almal verstom het. Die sprekers oor die tydperk soos Theuns Stofberg, Gary Kirsten, Gary Kieswetter, Allison Botha, Picard Henn en Charl van Wyk, om maar net 'n paar te noem van die ongeveer 480 sprekers wat al by ons kom deel het, het so 'n massiewe bydrae tot die geestelike groei van ons manne teweeggebring dat dit ons net elke dag meer verstom!! TGIF het regtig 'n tuiste geword vir ons Boetas wat deur moeilike tye gaan, maar ook vir die opbou van kragtige verhoudings en getuienisse.

Die ontbyt was bygewoon deur omtrent 120 Boetas en was regtig 'n "celebration" van ons broederskap, geloof in Jesus en regte omgee vir mekaar. Jacques Malan van Father's Voice het ons die oggend kom bedien met 'n boodskap en weereens was ek met dankbaarheid vervul oor die hegte verbintenis met Father's Voice se manne en die pad wat hulle geestelik met ons stap. Hulle bedien weer by ons jaarlikse kamp by Boegoeberg, Clanwilliam op 23--25 Augustus 2019.

Ek het 'n passie en 'n honger om meer Boetas by TGIF te sien op Vrydagoggende om net die omgee vir mekaar te ervaar!!

Die Here was vir ons so goed deur hierdie 10 jaar en sal Hom vir ewig dankbaar wees---nou vir die volgende 10 jaar!!!!

Blessings!!! Leon Grobler.

Simplify
image consulting & wardrobe planning

**Matriekafskeid-pakket**

Word toegerus om die beste keuse te maak in terme van die kleur en styl van jou rok vir hierdie spesiale mylpaal. Daar sal aandag gegee word aan jou gesigvorm, haarstyl, bykomstighede en grimering. R800 individuele konsultasie of R350 as deel van 'n groepsklas.

Bookings at tania@simplify.co.za

Simplify
image consulting & wardrobe planning

**Kleur en styl pakket**

Elkeen van ons is uniek geskep na die beeld van God. Kom ontdek die beste kleure en stylwenke vir jou. Ons gee aandag aan haarstyle, juweliersware,stylpersoonlikheid, klerekas beplanning en veel meer. Promosie prys R1500 vir 3 ure individuele konsultasie.

Bookings at tania@simplify.co.za

**Sang, Klavier, Keybord, Blokfluit, Kitaaronderrig**

Volwassenes en kinders.

Asook 'Praise en Worship' sessies om dieper in Vader se hart met aanbidding in te beweeg.

**Skakel vir Lizel by 0827813156 of e stuur e pos by lizel.mouton@gmail.com**

## STILBAAI SELFSORGWOONSTEL

Ten volle toegerus.

Slaap 2 volwassenes en 2 kinders.

Stap afstand vanaf see, rivier en hawe.

**Kontak Elize 028 7543507 /0834159175**

## Durbanville/Bergsig Seniorgroep

Ons vergadering vir SLEGS LEDE en Seniors wat nog wil aansluit by die groep, is welkom - dit vind plaas op:

Donderdag, 25 Julie 2019

Tyd: 9:30

Plek: Bergsiggemeente

Dit is 'n oggend van musiek en sang waar Rozanne Botha sal optree.

Sop en brood sal daarna bedien word.

**MANS TGIF** 05:45 Vrydagoggende

Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

**INTERACTIVE STORAGE DURBANVILLE**



**Sizes vary from $9m^2$ - $36m^2$**

**2 Stillewater Street**

**Durbanville Industrial Park**

**www.interactivestorage.co.za**

**021 979 1685 • Site Manager: 084 513 3062**

**Email: interactivestorage@webmail.co.za**

**Approach**
**Property Management Consulting**

Oplossings om jou (en jou kliënte/vriende/familie) se **eiendomstrategieë** omvattend en vanaf behoorlike huurderadministrasie, effektiewe huurooreenkomste tot diensverskaffer hernuwings ens. te bestuur en van hulp te voorsien.

**Risiko-oplossings** deur die fisiese toestand van eiendom te moniteer, begrotings saam te stel om die eiendomsinstandhouding effektief te bestuur en om sodoende die netto inkomste deur behoorlike kostebestuur te verbeter.

**Gemoedsrus** ... voordat u die volgende eiendom koop, laat ons 'n onafhanklike lewensvatbaarheidsverslag oor die moontlike belegging voltooi.

Besoek gerus ons webblad (**www.approachpm.co.za**)vir 'n oorsig van ons volledige eiendomsdiens of kontak my vir 'n kort inleidende gesprek.

**Hennie Fritz: 082 550 0303 / hennie@approachpm.co.za**

# ONS DAAGLIKSE BROOD

## DEFINISIES van kerk geld

*1 Kronieke 29:14-16* [Dawid se gebed nadat die mense oorvloedig gegee het vir 'n bouprojek]
"Want wie is ek, en wie is my volk, dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring? Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het. Net soos al ons voorvaders is ons by U sonder reg of aanspraak. Ons tyd op aarde is soos 'n skaduwee, dit gaan verby. Here ons God, al hierdie goed wat ons bymekaargemaak het om ’n huis vir u heilige Naam te bou, het ons van U gekry, en dit behoort aan U."


***Psalm 24:1*** **Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here.**

**Gebed: Dankie Here, U seën ons met al die goeie.**
**Ons wil ook vir ander tot ’n seën wees.**

## Terminologie

| | |
|---|---|
| Offergawe | **Weekliks** opgeneem tydens ‘n erediens = Kontant, Snapscan, Zapper |
| Dankoffer | **Maandelikse** bydrae = kontant, koevert, via internet betaling (eenmalig of herhalend), Debietorder (maandeliks vooraf gereël met die kerkkantoor met of sonder jaarlikse verhoging) |
| Koninkrykstyd<br>‘10de maand’ | **Jaarliks** Oktober – Februarie deur enige van die bogenoemde metodes (klem val ook op tyd, gawes, finansies, vermoëns en verantwoordelike verkondiging van die Evangelie) |
| <u>ANDER bo en behalwe:</u><br>GGO bydraes | **Deurlopend**, slegs as bo-en-behalwe die maandelikse dankoffer |
| Deuroffer | **Weekliks** aan spesifieke instansie. Word in die kalender aangetoon. |
| Spesiale projekte | **Eenmalig** vir spesifieke projekte bv. Dubanville Plaasfees, Gemeentekuier & kampe |

***Winston Churchill het gesê:***
*“You make a living by what you get, you make a life by what you give.”*
*Hy het seker iets van Jesus se woorde verstaan:*
***“Om te gee, maak ’n mens gelukkiger as om te ontvang.”*** *(Hand 20:35)*




**Kontak Pieter Henning vir meer inligting.**




# DESIRING GOD

***Fillipense 10:3 Al wat ek wens, is om Christus te ken...***

*Kom leer saam met medegelowiges oor die Heilige Gees*

**Onderwerpe**

**18 Aug: Die Doop en vervulling met die Heilige Gees**
**25 Aug: Die Gawes van die Heilige Gees Deel 1**
**1 Sept: Die Gawes van die Heilige Gees Deel 2**
**8 Sept: Die Gawes van Gesondmaking, tale en profesie – Met getuienisse**

**Inskrywing: Louis Blignaut,**
**082 552 1372 / lbb@global.co.za**

**Koste: R100 per persoon( koste van uitdeelstukke)**
**Wanneer: Sondagaande 17:45 – 19:00**
**Waar: Durbanville Bergsig (Saal)**










zapper donate with VISA and many more www.zapper.com
scan to donate now

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527